DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

Insig 16 /2026– 13 Mei 2026

**Liewe Menlo**

**Dit is Vrydag, 8 Mei 2026.** Die Menlo-bodem lyk spiekeries, want ons verwelkom binnekort 1 500 bekkige (en heelwat haasbek), spitsvondige ambassadeurs van die Afrikaanse taal. Die meeste is nog nat agter die ore. Sommige is 'n tiekie hoog, maar die kuns om harte te vermurwe het hulle lankal onder die knie.

"Voorsitter, beoordelaars, dames en here. Spits die ore. Vandag gaan ek julle oortuig dat die fondasie van 'n huis nie van sement, staal óf steen is nie."

"Nee, dames en here, die hoekstene van enige tuiste is liefde, respek, eerlikheid en integriteit: Dít is die fondasie wat die mure staande hou. Dít is hoe jy 'n woning bou waar liefde blom en drome gekoester word. Dames en here, 'n huis is nie 'n plek nie, dit is 'n gevoel."




**Dit is Maandag, 11 Mei 2026.** Die vere is reggeskud, want ons verwag gaste. Net na 14:00 stroom hulle by die hekke in – laerskoolleerders en hulle ouers wat 'n kitskykie in ons lewe verlang. Die vraag op almal se lippe: Wat maak Menlo anders?
"Middag Meneer. Dag Mevrou. Boetman, hoe gaan dit jou?" Daar is kuiermense net waar jy kyk. Die amfi bars uit sy nate.
"Ouers en leerders. Menlo is nie perfek nie. Dit is 'n gewone skool wat in respek, ywer, integriteit en lojaliteit geanker is. 'n Skool waar leerders en personeel die hoogste sonder uitsondering nastreef: of dit nou vir die ATKV-redenaars se uitdunrondes of die opedag is. Selfs wanneer daar vir 'n klastoets geleer word, gee ons ons beste. Menlo is 'n gevoel. Dit is waar leerders floreer en drome vlerke kry. Menlo is 'n mosaïek en elke stukkie is nodig om die geheelbeeld te sien.
Kyk gerus self!



Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**JEREMIA 17:7-8**

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Sluitkassies vir selfone

- Daar is 90 selfoonsluitkassies beskikbaar vir leerders wat hulle selfone gedurende die dag wil toesluit.
- Die koste beloop R300 vir die res van 2026.
- Leerders wat graag selfoonsluitkassies wil huur, bespreek en betaal dit by me. Nicolene van Eyk (algemene kantoor).
- Navrae kan aan me. Van Eyk gerig word by nicolene.vaneyk@menlopark.co.za.

## Voorkoms

Ouers word versoek om seker te maak dat Parkies se voorkoms volgens die skoolreëls is wanneer hulle die huis soggens verlaat. Verwys gerus na die Werkplan indien daar enige onsekerheid is.

## Eksamenrooster

Die eksamenrooster is op Ed-admin beskikbaar.

Graad 10 — 12: Eksamen begin op Maandag, 18 Mei 2026.

Graad 8 & 9: Eksamen begin op Dinsdag, 26 Mei 2026.

## Omgeeweek

Omgeeweek loop vandeesweek ten einde. Indien daar enige uitstaande bruin koeverte is, word ouers en leerders versoek om dit asseblief teen Donderdag, 14 Mei by die skool in te handig. Alle bydraes maak 'n verskil.

- Kontant: Plaas in die bruin koevert en stuur skool toe.
- Elektroniese fondsoordrag: Plaas die bewys van betaling in die bruin koevert en stuur skool toe.

## Menlo-kalender

Menlo-ouers kan voortaan op hoogte van gebeure op Menlo-bodem bly deur die kalender op Ed-admin en die skool se webblad te besigtig.

#HouHierdieSpasieDop

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

**Selfoonbeleid**

Die selfoonbeleid is op Ed-admin beskikbaar.

**Ed-admin**

Die kode vir Ed-admin is 599649.
Stelseladministrateur: Mnr. Andrew Mc Geer (andrew.mcgeer@menlopark.co.za).

## Afrikaans 101: Het jy geweet?

**RONDE VS. RONDTE**

**Ronde** beskryf 'n sirkel of sfeervormige voorwerp.

*Gebruik asseblief die ronde tafels.*

**Rondte** verwys na 'n kring of omtrek.

*Die kinders draai in die rondte.*

**Ronde / Rondte** is 'n beurt / vlak in 'n kompetisie.
*Teen wie speel julle in die volgende ronde / rondte?*

## Menlo-brokkies uit die verlede

**1978: WÊRELDREKORD SPAT OP MENLO-BODEM**

Tien van die skool se voorste seunsatlete het 'n merkwaardige prestasie in 1978 behaal deur die wêreldrekord vir 'n 24 uur-aflos te verbeter. Die seuns het altesaam 'n afstand van 444,64 km teen 'n gemiddelde pas van 3:05 minute afgelê.

Dit is voorwaar 'n uitsonderlike prestasie wat hulle name in die anale van Menlo-atletiek geanker het.




*V.l.n.r. George Meyer, Aardt Geyer, Freek Serton, Bernard van Niekerk, Adriaan van Zyl, Henning Gericke, Werner Stals, Alwyn Kruger, Toppie Doms, Willem Geyer.*

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Reünies

| | | |
|---|---|---|
| **22 Mei** | 10 jaar | 2016 |
| **7 Augustus** | 30 jaar | 1996 |
| **21 Augustus** | 40 jaar | 1986 |
| **18 September** | Groepreünie: 1971, 1981, 1983, 1991, 2001, 2011 & 2021. | |

## Menlo-ouers wat bid

| | |
|---|---|
| Menlo-ma's | Donderdae (07:30) in die koshuis. Kontak 082 579 4968. |
| Menlo-pa's | Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis. Kontak 082 457 6526. |

# ALGEMEEN

## ADOPT-A-SPOT-GEMEENSKAPSPROJEK: MENLO SÊ DANKIE

DELTA
landscaping services

Delta Landscaping Services beywer hulle vir 'n skoon, veilige en aangename omgewing vir almal. Om hierdie doel te bereik, het hulle verskeie openbare ruimtes, soos parke en sypaadjies, deur Stad Tshwane se Adopt-a-Spot-inisiatief aangeneem. Die onderneming is aktief betrokke by die instandhouding en opknapping van hierdie openbare ruimtes waarvan vele in die Menlopark-area geleë is. In hierdie verband bedank die skool hulle graag vir die instandhouding van die tuine in Atterburyweg voor die skool.

Delta Landscaping Services is tans op soek na vennote om die reikwydte en doeltreffendheid van hierdie inisiatief uit te brei. Kontak asseblief vir william.gillatt@deltabec.com vir enige navrae, ondersteuning, donasies, of landskapdienste by jou huis of kantoor.

Dankie Delta!






# KULTUUR

## KOOR STAP MET LOUERE BY EISTEDDFOD WEG

**Uitslag: Pretoria-eisteddfod**

| | |
|---|---|
| Kategorie | Virtuoso Gemengde Kore (senior) |
| Prestasie | Die Menlo-koor is die enigste gemengde koor wat 'n A++ behaal het en is as die beste gemengde koor aangewys. |

**Menlo-koorfees: Musikale genot op sy beste**

Van die beste kore in die land het verlede naweek besoek op Menlo-bodem afgelê om die gehoor met hulle musikale vernuf te bederf. Die fenomenale optrede van ons eie koor was oudergewoonte 'n hoogtepunt en die Insig kan bywoning van 'n koor-optrede ten sterkste aanbeveel.

**Deelnemende kore**

Akustika Kamerkoor, Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria, Pretoria Male Chorale en die Menlo-koor.




## ATKV-REDENAARSKOMPETISIE




Die streeksuitdunne van die ATKV-redenaarskompetisie vir laer– en hoërskole het verlede naweek op Menlo-bodem plaasgevind.

Die Insig deel graag 'n paar interessante statistieke hieroor:

| | |
|---|---|
| Aantal toesprake gelewer | 1 500 |
| Aantal beoordelaars | 54 |
| Aantal lokale gebruik | 18 |
| Menlo-sprekers | 53 |
| Menlo-helpers | 132 |

# AKADEMIE

## UITSLAG: AQUALIBRIUM



Menlo se aqualibriumspan, George van der Westhuizen, Christopher Niemann en Louis Erasmus (almal in gr. 12) het op Vrydag, 8 Mei hulle staal teen veertien ander spanne van reg oor Suid-Afrika, sowel as Swaziland, in die nasionale ronde van die aqualibriumkompetisie gewys. Die kompetisie is oudergewoonte deur die South African Institute for Civil Engineers (SAICE) aangebied en daag leerders uit om 'n waternetwerk te bou wat dieselfde hoeveelheid water aan verskeie punte op die netwerk verskaf. Die Menlo-manne het hulleself uitstekend van hulle taak gekwyt en die vyfde plek behaal. Knap gedaan!

## PARKIES OP PAD NA DUITSLAND

Christa Heyneke en Marian Winckler is gekeur om die Afrika-winter gedurende die komende vakansie vir die Europese somer te verruil. Die twee dapper dames vertrek eersdaags na Duitsland om die Duitse kultuur vir vier weke as uitruilstudente te ervaar.

Schöne Reise!





## ENGLISH BOOK QUIZ









The annual English Book Quiz took place on 4 May. This year's quiz was based on The Hunger Games. Well done to our fallen tributes who tried their best — the sacrifices in the arena will not be forgotten.

**Third**

The Mockingjays: Kylie Botha, Leila du Plessis, Cara Koekemoer, Carla Meyer and Lieschke Koekemoer.

**Second**

The Sugar cubes: Daviid Steyn, Wehann Snyman, Mia-Leigh Strydom, Emma Pohl, Liam Swart and Lana Swanepoel.

**First**

Capitol-ism: Chantal Hanekom, Mikeiah Steyn, Chanté le Roux, Annabel van Niekerk, Danielle van Deventer and Jenna Mason.

Congratulations to all the teams and thank you to the English Department for their support.

# OPEDAG

## WELKOM OP MENLO-BODEM

Dit was 'n voorreg om gaste van oraloor vir die jaarlikse opedag te verwelkom om Menlo se hart te beleef en 'n kitskyk in die skool se enjinkamer te kry.

Vir die Menloparkers is opedag 'n viering van vriendskap, Menlo-gees en samesyn. Volg gerus die **skakel** vir 'n voorsmakie van Die Hoërskool Menlopark.



# WINTERSPORT

## UITSLAE







**Hokkie (dogters): Menlo vs. AHMP**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 12 |
| Wedstryde gewen | 5 |

**Hokkie (seuns): Menlo vs. Helpmekaar**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 6 |
| Wedstryde gewen | 6 |

**Netbal: Menlo vs. Montana**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 16 |
| Wedstryde gewen | 15 |

**Rugby: Menlo vs. Helpmekaar**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 15 |
| Wedstryde gewen | 6 |

# KRIEKET

## OUD-PARKIE VIR NIEU-SEELAND GEKIES



Dean Foxcroft (2016) is vir Nieu-Seeland se toetsgroep wat binnekort teen Ierland en Engeland in aksie sal wees, gekies. Dean het ook onlangs sukses vir Nieu-Seeland se eendagspan teen Bangladesj behaal en spog moet 'n kolfgemiddelde van 37,25 in internasionale eendagwedstryde.

# ATLETIEK

## SA SKOLEKAMPIOENSKAP



Hartlik geluk aan Anika Viljoen met 'n puik prestasie by die SA Skolekampioenskap.

Posisie: 5de Item: Diskus

# BERGFIETS

## UITSLAG: CYCLE LAB NR. 1

Na afloop van die eerste Cycle Lab-resies wat verlede naweek by HTS John Vorster plaasgevind het, is Menlo stewig in die saal.

Baie geluk aan die fietsryers wat top-10-posisies behaal het:

| | | |
|---|---|---|
| Jaco Aldum | 1ste | Junior 17 Men |
| Katrijn Botha | 3de | Junior 17 Women |
| Wihann Schalekamp | 7de | Youth 16 Men |
| Lian Pretorius | 7de | Sub-Junior Boys |
| Zelia Küsel | 6de | Junior 17 Women |
| Isabella du Toit | 9de | Sub-Junior Girls |
| Caitlin Read | 5de | Junior 18 Women |
| LJ van der Westhuizen | 2de | Youth 15 Men |
| Ruben van Niekerk | 6de | Youth 15 Men |
| Jayden Pieterse | 8ste | Youth 15 Men |



# TENNIS

## AMANDA COETZER-TOERNOOI

Menlo is een van slegs agt skole in die land wat 'n uitnodiging na hierdie toernooi ontvang het. Baie geluk met puik uitslae!

**O. 15's** 5de
Danika Geyser, Pheladi Maji, Abigail Prinsloo, Lana Wolhuter & Milan Minnaar.

**O. 19** 6de
Melissa Meyer, Sonel Maritz, Carmen Nel, Liané Smit, Mika Keet, Danelle Niemandt & Nina Jansen van Vuuren.



# GHOLF

## UITSLAG: WOODLANDS MASTERS (SERENGETI)





| | |
|---|---|
| Tweedes (seuns) | 8ste |
| Dogters | 1ste |
| Lyla Hattingh | Wenner: Dogtersafdeling vir die tweede jaar in 'n ry. |

# BETROKKENHEID BUITE SKOOLVERBAND

## ELKE GROOT DROOM BEGIN MET 'n STORIE




Zanté Uys het onlangs aan 'n departementele uitreikprojek, Waste to Wisdom, deelgeneem waar sy vier bokse boeke aan Laezonia Primêre Skool geskenk het. Dit vorm deel van Zanté se liefdadigheidsinisiatief, Readers are Leaders, waar sy kleuterskole en laerskole met leesmateriaal ondersteun.

## PARKIES PRESTEER BY AFRIKA-TRAMPOLIENKAMPIOENSKAP





Gideon en Anri Fourie het hulle slag verlede naweek by die Afrika-kampioenskap gewys. Gideon het die senior span gehelp om die eerste plek te verower, terwyl Anri in die junior span diens gedoen het en die sewende plek (individueel) behaal het.

Baie geluk aan hierdie twee veerkragtige Parkies!

# PARKIE-ENTREPRENEURS








MASTER BBQ

Charcoal: 4 kg / R40
Firelighters: R20 / pakkie

Rousseau 065 742 7285

Aflewering binne 6 km van
Hoërskool Menlopark
Ek werk vir my koortoer!






# MARKPLEIN





## ECST Open Day!

**Saturday | 23 May 2026 | 9 am - 12 pm**

- Hands-on Demo
- Bursaries available
- Complimentary Mathematics & Science bootcamp ticket

Unit 3, Elevation Gardens, 114 Augrabies Road, Waterfall Office Park, Midrand

Scan to register

ecst.ac.za/open






# MARKPLEIN



Op soek na kwaliteit naaldwerk en perfekte afwerking?

Ek help graag vinnig, netjies en betroubaar!

📍 Equestria

📞 073 501 8228

Kontak Berta vandag en lyk weer op jou beste!

## WIL U IN DIE

## MENLO-INSIG ADVERTEER?

Stuur 'n e-pos na

insig@menlopark.co.za

**Beskikbare opsies**

Handelsnaamadvertensies

Geborgde inhoud

Borg 'n Insig